JEUGSKOU KONSEP

Daar word in vyftien afdelings meegeding naamlik:

Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap, Melkbokke, Vleisbokke, Veselbokke, Sierduiwe Wedvlugduiwe, Hoenders, Konyne, Varke, Perde, Kulinêre Kuns en Suiwelbereiding

Elke afdeling is verdeel in drie ouderdomsgroepe:

- Junior junior (onder tien jaar)
- Juniors (onder veertien)
- Seniors (onder agtien)

In elke afdeling en ouderdomsgroep word:

- 'n kampioen skouman
- Reserwe Kampioen
- 3de, 4de en 5de plasings ***aangewys***

Daar word ook in Snr en Jnr groepklasse meegeding waarin drie plasings gemaak word.

Die Jeugskou is geklassifiseer as 'n sport waar leerders met diere skou.
Die kind word hier beoordeel en nie die dier nie.

Die SPORT bestaan uit DRIE DELE naamlik;

Was en voorbereiding.

Die leerder word beoordeel ten opsigte van sy/haar vaardigheid om die dier te was en voor te berei, sodat die dier op sy beste sal vertoon in die skouring.

Hierdie afdeling vind slegs op Provinsiale en Nasionale vlak plaas.

Kennis.

Leerders moet oor ‘n wye algemene kennis beskik van die dier waarmee hul skou, sodat hy/sy ‘n teoretiese toets kan skryf oor aspekte soos voeding, gesondheid en voortplanting.

Hierdie toetse word slegs op Provinsiale en Nasionale vlak geskryf.

Vertoonkuns.

Die leerder moet die dier tot die beste van sy/haar vermoë vertoon op grond van die voorgeskrewe riglyne en nasionale Jeugskou standaarde.

Beoordeling vind plaas deur 2 gekwalifiseerde beoordelaars en ringgids per afdeling.